## TEKS 1

### Karin Brynard skryf: As lekker kuier sleg is

Karin Brynard
2 November 2022




[*Illustrasies Derika Volpi en Paula Dubois*]

***Dit is 'n gawe om 'n waardige "dinner table"-gas te wees, sowel as te ontvang, skryf Karin Brynard.***

1 'n Lekker kuier met interessante gesprek, weet ek hier in my suffelste dekade, is moontlik een van die plesierigste seëninge van onse kudde-bestaan. Maar dan is daar dié kuiers wat jou siel verskrompel tot 'n hopie as. Self dra ek steeds die letsels van die gesin Van Aswegen uit my vervloë kindertyd.

2 'n Troppie aarts-rare mense wat ons klokslag op 'n Sondag ná kerk tuis gaan voorlê het. Ons moes altyd eers vir Pa wag, wat as hoofouderling nog een of ander hoofouderling-like ding moes doen, ons wat swetend in 'n warm kar sit en wag. Nugter weet waarmee pa-hulle besig was.

3 My kleinboetietjie het eenkeer sugtend voorgestel hulle "poliesj" die nagmaalwyn, wat hom 'n behoorlike draai aan die oor gekos het. Nietemin. Toe ons uiteindelik tuis stop, almal al goed krapperig, en die Van Aswegens se Austintjie staan voor die deur, het selfs die blomme op my ma se kerkhoed begin verwelk, hulself in hulpelose ootmoed op die altaar van ons gesinsbeproewing neergelê. Pa, kon ek sien, het hard op sy tande gebyt om homself met innerlike Christelike deug te kan omgord.

4 Want die Van Aswegens se "*super power*" was hul kleefkrag.

5 As hulle die slag eers sit, was dit of hulle penwortels skiet. Pa sou in gebluste stemtoon tee aanbied en my dan vinnig uitkeer voor ek gang-af vlug vir skuilte. Ma sou 'n pleitende kyk kry: Loop rek die hoender en die geelrys en gooi nog ertappels in die pot. My ratse boetie is haastig vasgepen onder Pa se onverbiddelike Abrahamsblik: Vat jy die kleingoed buitentoe en hou hulle besig. Al die opdragte was in stilte, want die oom was reeds drie stories in. Bonkige man, stewig soos 'n sak sement, met hande waarmee hy sweerlik spoorstawe sou kon buig – maar so 'n pieperige kuikenstem.

6 Voor ete sou Ma met 'n warm asem in ons ore blaas oor meer aartappels skep en "los die hoender uit". En die enigste keer dat Pa 'n woord kon inkry, is as hy voor ete gebid het. En hy't skaars amen gesê of Oom Liefie hervat presies waar hy opgehou het.

IEB Copyright © 2024

7 Sonder punte of kommas of asemskep. Daai tyd het ek gesweer: As ek eendag groot is, sal geen enkel siel sonder kuierkwalifikasies sy voete onder my etenstafel insteek nie. As gasvrou, byvoorbeeld, het ek 'n tieklys.

8 Bo-aan staan die regte mengsel van persoonlikhede (bid jou 'n langtafel vol ingenieurs aan). Uiteenlopende mense met intelligensie en verbeelding en wat kan lag, veral vir hulleself. En lesers. Mense wat lees wéét goed, interessante goed. Goeie gaste moet ook luisteraars wees. En my kamma-lys? Stephen Fry, natuurlik, en John Cleese. Vir drama en diepte dalk Cicero, Carl Jung of Darwin. Sean Connery (die beste Bond ooit) oor sy seksie Skotsgeid.

9 So, gee my maar liefs my eie maters by wie ek self gemaklik voel en wie se vriendskap ek oor jare gekweek het. Net soms, as ek die laaste gas ná middernag met groot genot gegroet het, dink ek aan Ant Lief van Aswegen, wat kort voor haar dood glo aan't bidde gegaan het, die Lieven Heer gesmeek het om haar in 'n ander hemel te ontvang as waar Oom Lief toe al jare saliger was.

[Bron: Brynard, K. 2022. Karin Brynard skryf: as lekker kuier sleg is. *Tuis*, [aanlyn] 2 Nov., p.130. Beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/tuis/rubrieke/karin-brynard-skryf-as-lekker-kuier-sleg-is-20221102>]

IEB Copyright © 2024

## TEKS 2

### Koos Kombuis: Party dinge werk nog in ons land

Koos Kombuis

1 Desember 2022

1 Derduisende rubrieke is die laaste jaar gepubliseer oor wat in ons land aangaan. Die meeste van hierdie rubrieke het gehandel oor negatiewe onderwerpe.

2 Maar vanoggend is ek toevallig in 'n goeie bui en het ek myself gedwing om te dink aan soveel as moontlik goeie goed waarop ek nog trots is en plekke wat my hartsnare roer.

3 **Gautrein**

Ja, die Gautrein werk nog. Die Gautrein is nog skoon en netjies, die personeel is vriendelik en hulpvaardig, en dis sommer net 'n loutere plesier. Dis soos treinry in Europa! G'n wonder die Gautrein is omtrent die enigste stuk infrastruktuur wat onlangs nog 'n A-gradering ontvang het nie. *Touch wood*!

4 **Addo-Wildreservaat**

Ons was verlede jaar daar. Alles werk nog. Die paaie word onderhou. Die olifante lyk gelukkig. Die oomblik as jy by die hek uitry terug in die wêreld buite die wildreservaat, is jy onmiddelik terug tussen die slaggate, maar binne-in die Addo lyk dit nog asof alles *hunky dory* is, *touch wood*!

5 **Party van ons lughawens en lugdienste**

Ja, ek voel nog veilig om plaaslike vlugte te vang in Suid-Afrika. Ons het nog steeds 'n wonderlike veiligheidsrekord. En dis nie net die land se groot lughawens wat nog goeie standaarde handhaaf nie. My gunstelinglughawe is die klein lughawetjie buite Mbombela. Dis 'n pragtige gebou met 'n wonderlike *ambience* dis ook heerlik koel selfs op die warmste dag. *Touch wood!*

6 **Vir wanneer jy bietjie ekstra geld het (al is dit amper nooit nie). Uithaler-restaurante**

Kyk, dit gebeur al hoe minder deesdae, maar soms het ek iets om te vier en ek wil my vrou uitneem vir 'n heerlike ete. Bertus Basson, almal se gunstelingsjef, het 'n nuwe restaurant, Chorus, oopgemaak. Jislaaik. Dit is 'n cuisine-ervaring soos min! Partykeer moet jy maar jou banksaldo, of jou gebrek aan 'n banksaldo, ignoreer en maak of dit amper Kersfees is, *touch wood!*

[Bron: Kombuis, K. 2022. Koos Kombuis: Party dinge werk nog in ons land. *Netwerk 24*. [aanlyn] 1 Des. Beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/koos-kombuis-party-dinge-werk-nog-in-ons-land-20221128>]

IEB Copyright © 2024

## TEKS 3

### 100 redes om mal te wees oor Suid-Afrika

Adriëtte le Roux, 14 Desember 2020

**Ons bly in 'n kli-matige land! Kli-MATIG!** In vergelyking met die res van die wêreld, het Suid-Afrika 'n relatiewe matige klimaat. In sekere dele van die land, sou jy op die meeste dae nie eens aan die temperatuur kon aflei of dit winter of somer is nie!

Die helderste sterre kan in Sutherland gesien word. Dié Karoodorp is een van die wêreld se top-sterrekykbestemmings weens die besoedelingsvrye, droë lug en hoogte bo seespieël. Daarom is dit ook die tuiste van die SALT-navorsingsteleskoop, die grootste teleskoop in die Suidelike Halfrond.

Ry jy twee uur in enige rigting, lyk die landskap amper totaal anders en onderhou die omgewing 'n heeltemal ander tipe ekologie. So, al weet ons dit almal, moet ons weer stilstaan by die indrukwekkende verskeidenheid landskappe en natuurlike diversiteit van ons land.

Modjadjiskloof se broodboomwoud met haar reusebroodbome bly 'n belewenis! Hierdie kloof in Limpopo is 'n magiese, mistige area waaroor vyf generasies se reënkoninginne geheers het. In die Oos-Kaap, as die wildeaalwyne in die winter blom, lyk dit kompleet of die Oos-Kaap se berge en heuwels aan die brand is met rooi-oranje vuurpyle. Mpumalanga se kosmosvelde is 'n fotogeleentheid so rég uit 'n sprokie. Ons windpompe is 'n pragtige, nostalgiese verskynsel vir enige langpadreisiger. Om nie eens te praat van ons ikoniese Tafelberg, die bekoring van bosveldvure, St Lucia se seekoeie wat besoekers by die petrolstasie verras, Magoebaskloof se tuine in die lente en ons parke met die Vyf Grotes nie.

Ons Suid-Afrikaners se skerp humorsin is ook uniek. Dis nie drie minute nadat iemand iets vreemd op die nuus kwytgeraak het, of Marelize in 'n paal vasgery het nie, of ons WhatsApp-groepies en Facebook-blaaie word met spottende *remixes* en kettinggrappies bestook.

Mens kan ook net lag vir ons vreemde plekname. Dink byvoorbeeld aan Ogies in Mpumalanga, Klein-Mier-Nommer-Een in die Noord-Kaap, Die Hel en Tietiesbaai in die Wes-Kaap.

Net vir ingeval jy vergeet het, Suid-Afrika is een van slegs twee lande wat al die Rugbywêreldbeker drie keer gewen het. Die ander land is Nieu-Seeland, maar moenie bekommer nie, ons sal daardie rekord sommer vinnig reg-tackle.

Wie kan dan nou nie mal wees oor ons unieke land nie!

[Bron: Le Roux, A. 2020. 100 redes om mal te wees oor Suid-Afrika. [aanlyn] Lekkeslaap. Beskikbaar by: <https://www.lekkeslaap.co.za/blog/100-redes-sa>]

IEB Copyright © 2024

## TEKS 4

### HERINNERING

*Elisabeth Eybers*

As kind het 'k eens die maan se ronde skyf
langsaam sien uitswel bo die silwer vlei
om saggies soos 'n seepbel weg te dryf
en tussen yl populiere in te gly.

Agter my in die donker was 'n raam
vol lig en mensestemme en gelag
en ín my angs en weekheid sonder naam
terwyl ek op die maan se loskom wag.

Die reis is alles duister en verward …
Van tak tot tak het hy gewieg … ek weet
nog net dat die gekneusde gras se geur
soos naeltjies was en dat ek skielik seer
gekry het van die inkrimp van my hart
en met my pols die trane weggevee't.

[Bron: Brink, André P. 2008. *Groot verseboek deel I*.
Kaapstad: Tafelberg. (bl. 229).
Oorspronklik uit die bundel *Die vrou en ander verse*
(Eerste uitgawe; Constantia; 1945)]

## TEKS 5

### 'N BRIEF VAN HULLE VAKANSIE

*Breyten Breytenbach*
*vir oubaas:*

Noudat ek uitgeswel van lyf is kan ek treur
oor die eelte van my vader, die lugoë van my ma,
die skamel offerandes van hulle gebede as hulle my
op die knieë van hul Gij Here God lê;

noudat ek agter 'n baard kou kan ek huil
as hulle snags my naam fluister met die ruite
donker knippende oë in die wind, oor die visolie
vir my griep, die ingelegde perskes (albertas) op die rak

In sy sestigste jaar swem my pa in Stilbaai se see
en stap myle ver oor die sand met sy reguit bene
in 'n kortbroek en speel krieket op die duine
en eet alikruikels in die Sea View-losieshuis

want hys 'n bokser dokter boer
'n kaptein en 'n held 'n indoena tussen grysaards -
En as die reën soos 'n gesluierde bruid oor die see kom
word die lieflinghond (Trixie) lam;

drie dae veg die veearts en buig dan die knie
en hulle dra die lyk terug na Kafferskuilsrivier
die plaas van hulle jong liefde en plant die saad
'n soenoffer in die diep grond se skoot

want nou is hulle minnaars
stil bome in die najaar met die wind
strelende drome in die takke
onder komete leeftye lang wêrelde

My ooms sterf soos kapok in die son
hartaanval beroerte kanker en tering
en my pa word stiller en meer verskriklik
van dop tot dop

Hier waar die harde winters en nat somers
my lyf ongenaakbaar skil, treur ek oor
die soet hart van my moeder
my pa se stil en bitter krag

[Bron: Brink, André P. 2008. *Groot verseboek deel I*. Kaapstad: Tafelberg. (bl. 482).
Oorspronklik uit die bunde *die ysterkoei moet sweet* (Perskor, 1964)]

IEB Copyright © 2024

## TEKS 6

**ECCE HOMO**

*Wilma Stockenström*

Wat het hom tog besiel om te wíl
regopstaan? Kierts! Tog nie net
dors na kennis, die bykom van 'n appel
bo-aan 'n baie groot, sugtende boom nie?
Handeviervoet sou hy ook, op 'n lei,
kon leer lees en skryf het, later
die relatiwiteitsteorie vinger-in-die-sand
kon uitgewerk het, en uitgevee het
(want waarvoor?) met minder rugkwale.
Handeviervoet kan jy godsdiens beoefen,
loer in 'n mikroskoop, klavier speel,
beelde boetseer, op jou rug rol om plafonne
te beskilder, weer omrol en van jou steiers
afklouter, fronsend, ingedagte, honger.
Handeviervoet is eet en drink speletjies,
paring vanselfsprekend. Alles gaan.
Net toneel speel, lyk dit my, sou bedenklik
ingewikkeld, haas onmoontlik en regtig
lagwekkend wees. Regtig. 'n Kruipende
Faust. 'n Klutaimnestra met swengelende
borste. Nee! Drama wil hoog reik!
Daar staan hy nou met sy weekdele bloot,
die mens, die sot, die groot toneelspeler.

[Bron: Brink, André P. 2008. *Groot verseboek deel I*. Kaapstad: Tafelberg. (bl. 595). Oorspronklik uit die bundel *Spieël van water* (Human & Rousseau, 1973)]

IEB Copyright © 2024 

## TEKS 7

### FOTODAG

*Loftus Marais*

geen klas, net afkondigings, "O.16B-krieket na die saal"
neil-samsey se navy woolworths-onderbroek
soos hy aantrek tussen skoolbanke, toksakke
en al die rekwisiete: trofeë, tennisrakette, prefektebalkies
'n kleedrepetisie vir die regte wêreld
hare gekam, tande geborsel, puisies gedruk
'n doelgerigte rondhol in lang gepoleerde gange
dis november en warm, maar baadjies áán vir die foto:
gerangskik volgens lengte, klaskaptein-in-die-middel
langs mnr. Warnich wat sê onder sy bismarck-snor
"manne, vandag tree ons in gesprek met die toekoms"

en 'n flits waarin regte jare verbygaan, en dan ons
wat daarna kyk, verleë oor hoe versekerd die gesiggies lyk

[Bron: Marais, L. 2008. *Staan in die algemeen nader aan vensters*. Tafelberg.]

IEB Copyright © 2024

**TEKS 8A (Gepubliseer: 2000's)**




[Bron: Shiel, T. (s.a.). *South African Airways UK – print advertising*. [aanlyn] streetdesigns. Beskikbaar by: <https://www.streetdesigns.biz/home/south-african-airways-uk-print-advertising>]

**TEKS 8B (Gepubliseer: 1980's)**

# Waar anders as in Suid-Afrika kan jy ...



## 'n berg in die oggend klim,



## in die middag gaan wyn proe,



## en kyk hoe 'n internasionaal-bekende ballet-geselskap daardie aand optree?

Oppad na die wildernis van Suid-Afrika, stop in een van die wêreld se mees beskaafde stede. Kaapstad. Aan die voet van Tafelberg, minute vanaf die wyn-kelders in die vrugbare Paarlvallei en die tuiste van sommige van die wêreld se bekendste uitvoerende kunstenaars, lede van die Kaapstadse Balletgeselskap. Kortom, dit is die land van wonderlike kontraste. En die wonderlikste manier om daar te kom is met die Suid-Afrikaanse Lugdiens.

Jy sal jou eerste smaak van warm, uitbundige Suid-Afrikaanse gasvryheid kry sodra jy een van ons Stratojets betree. Of jy nou kies om met ons Goue Medaljon ekonomiese klas of ons Blou Diamant eerste klas te vlieg, jy sal heerlik eet. En as jy sal 'n kans hê om ons Suid-Afrikaanse wyne te proe! Die einste oesjare wat Napoleon bo Franse wyne verkies het.

Die beste van alles, ons sal jou baie vinniger as enige ander lugredery na Johannesburg en oppad na die res van ons wonderlike land kry. * Kontak jou reisagent vir inligting en besprekings. Hy ken die SAL.



SAL SUID-AFRIKAANSE LUGDIENS

**Die vinnigste pad na die land van wonderlike kontraste.**

*15 uur en 40 minute via Kaap Verde, 18 uur en 15 minute via Rio de Janeiro.

[Bron: Pinterest. (s.a.). Suid-Afrikaanse Lugdiens Advertensie | Suid-Afrikaanse Lugdiens, Suid-Afrika, Afrika. [aanlyn] Beskikbaar by: <https://za.pinterest.com/pin/300685712605239608/>]

## TEKS 9




[Bron: Mouton, Fred. 2020. "Toeriste sê nee vir hotel" [spotprent]. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/ekonomie/toeriste-se-nee-vir-hotel-ja-vir-vriend-se-rusbank-20201102> Datum van toegang: 3 Maart 2023]

IEB Copyright © 2024